VAALHARTS PEKANFEES
deur ecofarma Restoring Soil Fertility

Magogong Skougronde,
Hoofstraat, MAGOGONG 8575

4de & 5de OKT 2019

Algemene Fees Navrae:
082 326 9117 of 082 303 3497
www.vaalhartspekanfees.co.za
info@vaalhartspekanfees.co.za

UITSTALLERS AANSOEK

Navrae: Anien – 079 717 3015 of Jolene - 076 202 9248

Naam & Van: _____

Handelsnaam: _____

Sel: _____ Faks: _____

Epos: _____ Webtuiste: _____

*Skakel/Link na my besigheid/instansie se webtuiste mag gebruik word vir bemarking? (merk asb.)

JA	NEE

Produkte **:** Lys asb. **ALLE** produkte. Slegs produkte wat genoem is, mag verkoop word. Daardeur kan daar gepoog word om duplisering te vermy. Die bestuur behou die reg om produkte, wat nie genoem is nie, te verwyder.

LET WEL: GEEN "BB GUNS" OF KLAPPERS MAG VERKOOP WORD NIE.

_____

_____

_____

Benodig u 'n kragpunt ? JA ☐ NEE ☐

Aansoeke sluit 09 Augustus 2019. Suksesvolle aansoekers sal per SMS / epos in kennis gestel word. **Finale betalings vir stalletjies: 30 September 2019. MOET ASB NIE BETAAL VOORDAT U BEVESTIGING VAN UISTALRUIMTE ONTVANG HET NIE.**

Indien u betaling nie teen die sperdatum ontvang is nie, sal die stalletjie verbeur word en aan 'n ander uitstaller toegeken word. **Geen uitstaller sal by die ingangshek toegelaat word sonder dat die stalletjiefooi ten volle betaal is nie. Maw. daar sal voortaan geen betalings op die feesterrein ingevorder word nie.**

Ek onderneem hiermee om al die voorwaardes in die dokumente aan my verskaf, na te kom.

_____ _____

Aansoeker **Datum**

VAALHARTS PEKANFEES
deur ecofarma Restoring Soil Fertility

Magogong Skougronde,
Hoofstraat, MAGOGONG 8575

4de & 5de OKT 2019

Algemene Fees Navrae:
082 326 9117 of 082 303 3497
www.vaalhartspekanfees.co.za
info@vaalhartspekanfees.co.za

Grootte en koste	***Hoeveel***
BLOK A (8m x 6m) @ R1 100 Gereserveer vir kosstalletjies & stalletjies wat skadu benodig. Parkering AGTER bome. **2 x Naweek-toegangskaartjiesingesluit.**	
BLOK B (6m x 6m) @ R800 Deel kragpunte met Blok C. Voertuie moet **AGTER** die stalletjie geparkeer word, binne die ruimte voorsien. **1 x Naweek-toegangskaartjie ingesluit.**	
BLOK C (6m x 6m) @ R800 Deel kragpunte met Blok B. Voertuie moet **AGTER** die stalletjie geparkeer word, binne die ruimte voorsien. **1 x Naweektoegangskaartjie ingesluit.**	
BLOK D (In die saal) 3m x 3m @ R600 of ***6m x 6m @ R900*** Handelsure vanaf 08:00 tot 21:00 waarna saal toegesluit word.Parkering vir voertuie in toegewysde area naby saal. **1 x Naweek-toegangskaartjie ingesluit.**	
BLOK E (Buite, voorsaal) 3m x 3m @ R450 Geen kragpunt. Parkering vir voertuie in toegewysde area naby saal. **1 x Naweek-toegangskaartjie ingesluit.**	
BLOK F (Industriële- of landboustalletjies) ***10m x 10m @ R2 500*** **2 x Naweek-toegangskaartjies ingesluit.**	
ADDISIONELE NAWEEK-TOEGANGSKAARTJIES SLEGS VIR WERKNEMERS VAN UITSTALLERS @R80 P.P. BESKIKBAAR. DIT MOET VOORAF GEREËL EN BETAAL WORD.	

VAALHARTS PEKANFEES
deur ecofarma Restoring Soil Fertility

Magogong Skougronde,
Hoofstraat, MAGOGONG 8575

4de & 5de OKT 2019

Algemene Fees Navrae:
082 326 9117 of 082 303 3497
www.vaalhartspekanfees.co.za
info@vaalhartspekanfees.co.za

ALGEMENE REËLS, REGULASIES EN VOORWAARDES VIR UITSTALLERS BY DIE Vaalharts Pekanfees 4 & 5 Okt. 2019

1. **AANSOEKE:** Die Vaalharts Pekanfees word gehou op die Magogong Skougronde vanaf Donderdag 3 Oktober 2019 tot Saterdag 5 Oktober 2019. **Aansoeke vir uitstalruimtes sluit 09 Augustus 2019**. **Finale betaling voor/op 30 Augustus 2019**, direk betaalbaar in die Magogong Kuierfees se rekening. Meld asseblief die handelsnaam as verwysing op die depositostrokie.
*****Indien die uitstaller onttrek / nie meer kan uitstal / nie opdaag nie, sal die uitstallersfooi verbeur word.

2. **KEURING EN PLASING:** Geen onvoltooide aansoeke sal aanvaar word nie. **'n Volledige beskrywing van die uitstalling moet op die aansoekvorm aangedui wees. 'n Foto van hoe u uitstalling lyk, moet ook aangeheg word.** Die beslissing van die komitee is finaal en geen verdere korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

   Uitstalruimtes sal duidelik aangetoon wees. 'n Gereserveerde parkeerarea word vir uitstallers uitgesit. Parkering is op die eienaar se eie risiko. Slegs voetganger-ingang sal vanaf Vrydag 07:00 tot Saterdag 20:00 beskikbaar wees.

   U mag onder geen omstandighede meer ruimte opneem as dit waarvoor u bespreek het nie. **U is verantwoordelik vir die oprigting en verfraaiing van u eie stalletjie asook u eie gazebo, tent, sambreel, tafels, stoele, beligting ens. Stalletjies moet van 'n goeie, stewige en netjiese struktuur wees en moet verkieslik toegemaak kan word. GEEN 'INFORMELE " STRUKTUUR VAN PALE EN PLASTIEK/SEIL SAL AANVAAR WORD NIE.**

   *BELANGRIK! Alle kosstalletjies moet van 'n brandblusser voorsien wees.

3. **HANDELSURE:** Uitstallers kan vanaf Donderdag, 3 Oktober 2019 tussen 08:00 en 18:00 arriveer. Indien u voor daardie tyd die feesterrein wil inkom, moet daar asb vooraf reëlings met een van die organiseerders getref word.

   Die stalletjie moet bedryf word vanaf Vrydag 07:00 tot 22:00 en Saterdag 07:00 tot 22:00. **Die Donderdagaand word daar 'n funksie in die vermaaktent gehou vir slegs ons borge en perde-deelnemers. Dit is u keuse of u die stalletjie wil bedryf gedurende daardie tyd.**

4. **TOEGANG**: **Naweek- toegangs ID-bandjies sal per uitstaller toegeken word**. Indien meer persone werksaam is by die stalletjie, sal die koste R80 per persoon vir die duur van die fees wees. Hierdie toegangskaartjies moet egter vooraf gereël en betaal word.

5. **ELEKTRISITEIT**: Alle uitstalruimtes het die gebruik van 'n kragpunt, tensy anders gereël. **U is verantwoordelik vir u eie beligting, verlenggingskoord/e, dubbelproppe ens.** U word versoek om nie te veel items aan u kragpunt te koppel nie.

As gevolg van kragonderbrekings en beladingvereistes van Eskom, kan elektrisiteit nie gewaarborg word nie. Die Vaalharts Pekanfees dra geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese as gevolg van kragladings nie. Gebruik van elektrisiteit is op eie risiko.

6. **SEKURITEIT**: Sekuriteitswagte sal deurgaans op die terrein teenwoordig wees. U is nogtans self verantwoordelik vir die veilige bewaring van u eiendom en/of produkte.

7. **VERBLYF & KLEEDKAMERS**: Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie reis-en verblyfreëlings. Kleedkamergeriewe word vir die uitstallers gereserveer**. Hou asseblief hierdie geriewe skoon. Daar sal opgetree word teen díe wat die geriewe misbruik, vuil laat of eiendom beskadig. Hou asseblief u mede-gebruikers in ag.**

8. **VERSEKERING:** Enige privaat persoon/organisasie/instansie wat enige vorm van aktiwiteit aanbied, moet hul eie versekering uitneem ten einde hulself te beskerm teen eise in geval van beserings / ongelukke. Dit geld ook vir uitstallers wat gevaarlike artikels of masjinerie ten toon stel.
   Die Vaalharts Pekanfees aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of verlies deur vuur, diefstal, natuurramp/-verskynsel of enige ander oorsaak nie, ook nie verlies aan inkomste wanneer produkte nie verkoop word.

9. **ALGEMEEN:**
   - Geen troeteldiere word by die stalletjies toegelaat nie.
   - Geen musiekstelsels, luidsprekers of uitsendstelsels mag deur die uitstallers geÏnstalleer word nie.
   - Hou asseblief die onmiddellike area voor u stalletjie skoon.
   - Uitstallers moet asseblief hul mede-uistallers se privaatheid respekteer wat betref onnodige lawaai/musiek/geraas, ook saans nádat die stalletjies gesluit het.
   - Hou asseblief die kleedkamers skoon.
   - **Vaalharts Pekanfees behou die reg om uitstallers die fees- en terrein te verbied indien hul nie by die reëls hou nie of hul skuldig maak aan enige wangedrag**
   - STALLETJIES SAL OP VRYDAG 4 OKTOBER 2019 VANAF 18:00 BEOORDEEL WORD WAARNA ‘N PRYS AAN DIE BESTE (1) ALGEMENE EN (2) INDUSTRIËLE STALLETJIE TOEGEKEN SAL WORD.

Hiermee neem ek kennis van die reëls vir die uitstallers en onderneem om te alle tye daarby te hou

_____ _____.

Aansoeker **Datum**